BYLAAG 3

## Bylae 2

[Bylae 2 gewysig by a 5 van Wet 126 van 1992.]

DEEL I

(Artikel 35)

’n Misdryf ingevolge ’n wet betreffende die onwettige besit, vervoer of verskaffing van afhanklikheidsvormende medisyne of sterk drank.

’n Misdryf ingevolge ’n wet betreffende die onwettige handel met of besit van edele metale of edelgesteentes.

Inbraak by of betreding van ’n perseel, hetsy ingevolge die gemene reg of ’n statutêre bepaling, met die opset om ’n misdryf te pleeg.

Diefstal, hetsy ingevolge die gemene reg of ’n statutêre bepaling.

DEEL II

(Artikels 59, 72)

Hoogverraad.

Sedisie.

Moord.

Verkragting.

Roof.

Aanranding, wanneer ’n gevaarlike wond toegedien word.

Brandstigting.

Inbraak by of betreding van ’n perseel, hetsy ingevolge die gemene reg of ’n statutêre bepaling, met die opset om ’n misdryf te pleeg.

Diefstal, hetsy ingevolge die gemene reg of ’n statutêre bepaling, ontvangs van gesteelde goed wetende dat dit gesteel is, bedrog, vervalsing of uitgifte van ’n vervalste stuk wetende dat dit vervals is, in elke geval as die bedrag of waarde betrokke by die misdryf R2 500 rand te bowe gaan.

[Bedrag van R2 500 ingevoeg in die plek van R200 by a 15(a) van Wet 62 van 2000.]

’n Misdryf ingevolge ’n Wet betreffende die onwettige handel met of besit van edele metale of edelgesteentes.

’n Misdryf ingevolge ’n Wet betreffende die onwettige-

(a) besit van-
    (i) dagga van meer as 115 gram; of
    (ii) enige ander afhanklikheidsvormende medisyne; of

(b) vervoer of verskaffing van afhanklikheidsvormende medisyne.

[Item 9 vervang by a 15(b) van Wet 62 van 2000.]

’n Misdryf betreffende die munt van geld.

’n Sameswering, uitlokking of poging om ’n in hierdie Deel bedoelde misdryf te pleeg.

## DEEL III

(Artikel 59, 61, 72, 184, 185, 189)

Oproer.

Openbare geweld.

Brandstigting.

Moord.

Menseroof.

Kinderdiefstal.

Roof.

Huisbraak, hetsy ingevolge die gemene reg of ’n statutêre bepaling, met die opset om ’n misdryf te pleeg.

Oortreding van die bepalings van artikel 1 en 1A van die Wet op Intimidasie, 1982 (Wet 72 van 1982).

’n Sameswering, uitlokking of poging om ’n in hierdie Deel bedoelde misdryf te pleeg.

Hoogverraad.

[Deel III vervang by a 5 van Wet 126 van 1992.]